

'n Tweede kans

Jaco Jacobs

Sal jy graag 'n tweede kans wil kry? Om byvoorbeeld iets reg te stel wat jy verkeerd gedoen of gesê het? Of 'n tweede keer probeer? Herwin julle in julle huis alle papier, glas en plastiek? In hierdie verhaal lees ons van 'n gesin wat dit wel doen en die invloed daarvan op Wikus, die tienerseun, wat vir die eerste keer 'n naweek by hulle gaan kuier.

“Wát is dít?” Ek kyk agterdogtig na die kos op my bord.

“**Tofoe**-bredie met sampioene,” sê die Dolfyn met 'n vrolike stem, asof sy pas 'n sappige steak met uieringe en tjips voor my neergesit het.

“Kan 'n mens dit eet?” vra ek moedswillig.

“Wikus!” sê my pa en gee my 'n waarskuwende kyk.

Wonder Boy begin vertel wat tofoe is, dat dit van **sojamelk** gemaak word en oorspronklik van China af kom. As jy my vra, behoort geen negejarige soveel tyd op **Wikipedia** deur te bring nie.

Die Dolfyn se regte naam is Marlize. Ek het haar die bynaam gegee omdat sy gedurig glimlag. Toe ek gister in die kar die heeltyd my iPod se oorfone in my ore gehad het met die musiek kliphard, selfs al kon ek sien sy probeer met my praat, het sy net geglimlag. Selfs toe ek met my nat swembroek deur die huis gestap en waterspore op die houtvloer en 'n boudevormige nat kol op haar bont sofa gelos het, het sy net geglimlag. My pa het versigtig daaroor geraas. Ek dink hy is bang ek bel my ma en vra sy moet my kom haal.

Wonder Boy se naam is Driaan. Hy speel skaak en doen glo al hoërskoolwiskunde en **rekenaarprogrammering**. Al is hy net in graad drie.

Een van die dae gaan die Dolfyn en Wonder Boy my stiefma en stiefbroer wees. Iets waarna ek soveel uitsien soos na die bord vol tofoe voor my.

Ek eet net twee happe, maar niemand sê iets daaroor nie.

Ná ete moet ons almal help om die tafel af te dek.

“Nie in daardie vullisblik nie, Wikus,” help die Wonder Boy my reg toe ek my kos wil uitkrap. “Die bruin blik is vir **organiese** goed soos oorskietkos. Ons gebruik die groene vir glas en blikkies, en die bloue vir karton.”



Ek rol my oë. Nie eens die vullisblikke in hierdie huis is normaal nie.

Ná ete gaan lê ek in die kamer op die bed en luister musiek. Let wel, nie *my* bed nie, en ook nie *my* kamer nie. Dis die Dolfyn se huis hierdie, en ek is net 'n kuiergas.

Ek kyk op en haal my oorfone uit my ore toe daar 'n klop aan die deur is.

"Hoe lyk dit," vra my pa, "is jy lus vir McDonald's? Net ons twee. Driaan slaap al."

Ek skud my kop. "Nee, dankie."

My pa sug en draai om. 'n Ruk later hoor ek die TV in die sitkamer. My pa en die Dolfyn kyk seker nog 'n **dokumentêr oor aardverwarming**, woude wat afgekap word en ysbere wat verdrink.

My selfoon piep. 'n **SMS** van my ma.

Hoe gaan dit daar?

Aandete was **gross**, SMS ek terug. Die mense is **tree huggers**.

Ek gaap en strek my op die bed uit.

Toe ek wakker word, is dit stikdonker. Ek het wraggies met my klere aan die slaap geraak. Die iPod se oorproppies is nog in my ore, maar die battery is pap. Die lig is af en iemand het 'n deken oor my gegooi.

My maag grom van die honger. Daar moet darem seker iets in die yskas wees wat nie van China af kom en van sojamelk gemaak is nie.

Op my tone sluip ek deur die donker huis.

In die kombuis gaan ek staan. Op die mikrogolfoond se skerm flits die tyd in groen syfers: 01:38. Ek spits my ore. Iemand voetel by die agterdeur. My oë kan net-net 'n figuur uitmaak, met iets in sy arms.

'n Inbreker, skiet die skokgedagte deur my brein. Maar die figuur is nogal klein en maer. En toe die deur oopgaan, herken ek die gesig in die flou lig wat van buite af inskyn.

"Driaan!" fluister ek. "Wat doen jy?"

Hy skrik so groot dat hy die bondel laat val. Dit land geluidloos op die vloer.

Ek sit die lig aan.

"Waar gaan jy dié tyd van die nag met 'n laken heen?" vra ek verward.

Dan sien ek die verleentheid op sy gesig, en die nat kol op die laken. Natuurlik. Die waskamer is net buite die agterdeur.

"Ek het 'n nagmerrie gehad," sê hy. "Oor my pa."

Ek huiwer 'n oomblik. Ek is nie seker hoe ek voel nie. Driaan is nie my kleinboetie nie. Ek verpes die idee dat hy en die Dolfyn my stiefgesin gaan word. En tog kry ek hom skielik jammer. Dit moet erg wees om op nege nog jou bed nat te maak, al kan jy hoërskoolwiskunde doen. My pa het my vertel van die kaping, twee jaar gelede, waarin Driaan se pa dood is.

"Kom ek help jou," sê ek.

Toe die laken in die wasmasjien is, maak ek vir ons warm sjokolade. Driaan haal 'n pak organiese volgraanbeskuit uit die kas. Terwyl ons eet, vertel hy my hoe **kweekhuisgasse** werk, waarom **witdoodshaaie** noodsaaklik is vir die voortbestaan van die **ekostelsels** in die see, en hoe 'n **wurmplaas** help om huishoudelike afval te verminder.

"My ma sê ons moet ophou om aan blikkies en glasbottels en papier as weggooigoed te dink," sê hy. Hy klink nes 'n grootmens. "Sy sê ons moet weggooigoed 'n kans gee. 'n Mens weet nooit wat daarmee kan gebeur nie. As mens 'n kartonboks laat herwin, word dit dalk 'n fantastiese boek, of 'n pak koeverte, of 'n stuk papier waarop 'n beroemde kunstenaar 'n kunswerk teken."



My pa kom gapend die kombuis binne gestap en frons toe hy ons sien. "Hoekom slaap julle twee nie?" vra hy en loer oogknipperend na die mikrogolfoond se horlosie. "Kyk hoe laat is dit."

Driaan kyk pleitend na my.

Ek trek my skouers op. "Ons kon nie slaap nie. Ons praat oor kweekhuisgasse en ekostelsels en erdwurms en weggooigoed," sê ek.

My pa skud sy kop, draai om en gaan terug bed toe.

"Hoe was jou naweek?" vra my ma terwyl sy my vuil wasgoed in hope sorteer.

"Oukei," sê ek. "Tannie Marlize het gevra of ek die vakansie saam Wildtuin toe wil gaan. Ek het gesê ek sal daaroor dink."

Dit lyk of my ma iets wil sê, maar dan glimlag sy net vir my.

"Ma?" vra ek.

"Ja?"

"Kan ons dalk drie vullisdromme kry? 'n Rooie, 'n groene en 'n bruine?"

"Hoekom?" vra sy verbaas.

"Vir herwinning," sê ek met 'n skouerophaal. "Ma weet, om weggooigoed 'n tweede kans te gee. 'n Mens weet nooit wat daarmee kan gebeur nie."